SEPTEMBER 2023

STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# STELLENBOSCH NEWS

## NEWSLETTER / NUUSBRIEF / IPHEPHANDABA




## TOP NEWS



We're looking forward to ARBOR WEEK



SPRING HAS SPRUNG, we're excited for the new season



In SEPTEMBER we also celebrate Heritage Day

# Spring Has Sprung!



*Welkom in September! My gunsteling tyd van die jaar is alweer hier! Lente in die Boland is darem maar net besonders en ek probeer elke moontlike bietjie tyd buite spandeer.*

Ek en my man is gek oor tuinmaak en stap, so ek sien elke jaar baie uit na die aanbreek van die lente. Dit gee my dan ook kans om in ons dorpe rond te stap en te kyk wat aandag nodig het. So ontmoet ek altyd van die wonderlikste mense en besef ek weer opnuut hoe geseënd ons is om hierdie pragtige vallei ons huis te noem!
August was Women's Month - a month during which we commemorate the role of women in creating a democratic society and celebrate the women in our lives. I would like to salute all women – every grandmother, mother, mother-in-law, stepmother, aunt, friend, cousin, daughter, and little girl. To the women of Stellenbosch Municipality we say: you are special, acknowledged and valued! Thank you for everything you do to make our towns great.

Alhoewel baie meer vroue vandag in meer prominente en gesaghebbende posisies te sien is, word baie vroue en dogters steeds as minderheidwaardig behandel, aangerand en verkrag. Sommige vroue staar elke dag viktimisering en geweld in die gesig en daarom is Vrouemaand uiters relevant in ons moderne tyd. Praat asseblief met u dogters, vriendinne, susters, ma's en oumas oor hulle ervarings en kom ons deel ons stories met mekaar. Ons moet praat hieroor om die euwel van vrouemishandeling aan die lig te bring. Nie net tydens Vrouemaand nie, maar elke dag van die jaar!
September is Erfenismaand, Toerismemaand en ons vier ook Boomplantweek gedurende die eerste week van die maand. In ons streek is die veldtogte baie nou aan mekaar verbind. Ons erfenis is deel van wat ons 'n gesogte toerismebestemming maak, beide plaaslik en internasionaal. Ons bome is ook ons erfenis en bome het 'n uiterse sagte plek in ons almal se harte. Hoe dan nou anders? Ons woon immers in die Eikestad! Ek wil u graag aanmoedig om tog betrokke te raak by die erfenis en toerisme geleenthede in ons dorp. Die E'bosch erfenisprojek is 'n inisiatief wat regoor ons streek funksioneer en sluit rolspelers van die Munisipaliteit, Universiteit, gemeenskap en besigheidsektor in. Kontak hulle gerus om uit te vind hoe u betrokke kan raak by die bewaring, uitbou en deel van ons multikulturele erfenis. En geniet die pret wat daarmee saamgaan!




**"August was Women's Month - a month during which we commemorate the role of women in creating a democratic society and celebrate the women in our lives."**



Stellenbosch has all the qualities needed to make us a business and leisure tourism destination of choice – spectacular landscapes, top-end conference facilities, a vast choice of excellent accommodation, easy accessibility, and a plethora of activities. Stellenbosch Municipality sees the value in business tourism and events and the benefits it can unlock for all our communities. We are committed to creating an enabling environment for business tourism to flourish! It was wonderful to welcome so many industry experts to our neck of the woods and we look forward to hosting events and conferences that support economic growth in our region.
Please keep an eye on our social media platforms for news on our Arbor Week celebrations, where we will once again be planting trees across various areas of the municipality. On 1 September, I also had the privilege to attend the Mayoral Golf Day. This is always a highlight for me as the proceeds of this day goes directly towards helping families who have face hardship. If you would like more information on the Mayoral Fund, please feel free to contact my office by sending an email to Mayor@stellenbosch.gov.za




Met die einde van die jaar amper in sig, begin ons Matrieks en studente eersdaags met hul finale eksamens. Ek wil ons leerders en studente sterkte toewens. Dit is altyd 'n stresvolle tyd, maar byt vas. Ek weet dat dit ook 'n tyd is waar baie leerders en studente oorweldig voel deur stres en druk. Moet asseblief nie bang wees om te vra vir hulp nie. Sterkte ook aan die ouers en onderwysers van ons leerders. Ek weet dat eksamens 'n spanpoging is!
Have a safe and blessed Heritage Day. I hope you are able to spend this day with family and friends. Until next time,

*Mayor Gesie*